# Trusteevergoeding: betaal of nie?

**TERTIUS MAREE**
tertius@section.co.za



**DEELTITEL-FORUM**

Ek het verlede week genoem dat iemand my asseblief net nie moet vra om as 'n trustee vir hul deeltitelskema te dien nie.

Ek het skaars by die kantoor aangekom die daaropvolgende Maandag, en daar was reeds talle e-posse met versoeke om my houding te heroorweeg.

Dit is baie duidelik dat die werwing van lede om as trustees te dien 'n groot probleem by deeltitelskemas is. Een van die redes vir dié probleem kan beslis toegeskryf word aan die mate waartoe trusteeskap veeleisender geword het weens die vereistes wat die "nuwe wetgewing" in die deeltitelwêreld stel.

**Ek is bekend** met vele trustees en die houding onder hulle is oor die algemeen dat die las op trustees se skouers nou te swaar geword het.

Ek weet van heelwat staatmakers in die bedryf wat nou maar besluit het om die tuig neer te lê.

Dit is iets wat ons bedryf nie kan bekostig nie!

Lesers moet in ag neem dat trusteeskap in elk geval 'n ondankbare werk is, waar mense blootgestel word aan meer kritiek as ondersteuning.

Daar is altyd die sogenaamde "slim eienaars" wat self nie as trustees wil dien nie, maar vinnig is om fout te vind met byna alles wat die trustees doen.

Ek is al gevra of trusteevergoeding – noem dit 'n "honorarium" of "stipendium" as julle wil – nie dalk die antwoord is nie.

Só kan 'n mens dit dalk die moeite werd maak vir mense om as trustees in 'n skema te dien...

> **"Ek is al gevra of trusteevergoeding – noem dit 'n 'honorarium' of 'stipendium' as julle wil – nie dalk die antwoord is nie.**

**Dit mag so wees** en ek oorweeg dit as volg:

Ek wil eerstens benadruk dat trusteeopleiding absoluut onontbeerlik geword het.

Deeltiteleienaars moet bereid wees om jaarliks daarvoor te begroot.

Behoorlike opleiding sal verhoed dat trustees ernstige foute maak en aan geregverdigde kritiek onderwerp word.

Hiermee 'n voorbeeld van 'n fout wat vermy kon word as daar goeie opleiding was:

Die trustees van 'n skema besluit die enigste manier waarop hulle kandidate vir trusteeskap kan werf, is om 'n redelike geldelike vergoeding vir voornemende trustees aan te bied.

Bestuursreëls 8(2) en (3) bepaal in hierdie verband as volg:

"(2) Unless so determined by special resolution, trustees who are members are not entitled to any reward, whether monetary or otherwise, for their services as such.

"(3) Trustees who are not members may be rewarded for their services as such, provided that any reward, monetary or otherwise, must be approved by a resolution of the body corporate as part of the budget for the scheme's administrative fund."

Trustees wat dus van buite die skema kom, mag vergoed word vir hul dienste, en al wat hiervoor nodig is is om 'n lynitem in die jaarlikse begroting goed te keur.

Trustees wat egter eienaars is, mag nie vergoed word sonder goedkeuring van die lede by wyse van 'n spesiale besluit nie.

**In die onderhawige geval** was daar pogings om vergoeding vir trustees wat eienaars is te magtig – dít by wyse van 'n spesiale besluit wat op 'n algemene vergadering aan die lede voorgelê is en as volg verwoord was:

"By elke algemene jaarvergadering sal 'n item ingesluit word by die kennisgewing van die vergadering vir betaling van 'n stipendium aan die voorsitter en/of aan 'n trustee of trustees.

"Die lede mag dan by wyse van 'n gewone meerderheidstem sodanige honoraria goedkeur."

Hierdie spesiale besluit is toe deur die lede aanvaar.

Sal hierdie eenmalige spesiale besluit egter ook voldoende wees vir daaropvolgende jare en sal die vergoeding wat daarvolgens aan trustees betaal word geldig wees?

**Ek is bevrees dit** sal nie wees nie.

Wat die trustees hier probeer doen het, is om by wyse van 'n eenmalige spesiale besluit die vereiste vir trusteebetaling aan deeltiteleienaars te omskep tot 'n eenvoudige lynitem wat jaarliks as deel van die begroting goedgekeur kan word.

Die vereistes van bestuursreël 8(2) word dan by wyse van hierdie spesiale besluit omskep in die vereistes wat van toepassing is op trustees wat nie eienaars is nie – soos dit in bestuursreël 8(3) vervat word.

Die trustees probeer dus die bepalings van die bestuursreëls met behulp van 'n spesiale besluit wysig. 'n Eenparige besluit is egter daarvoor nodig.

**Waar bestuursreël 8(2) 'n** spesiale besluit vir trusteevergoeding vereis, moet die trustees geïdentifiseer en die vergoeding gespesifiseer word.

Dit is ook iets wat elke jaar gedoen moet word.

As die trustees egter hierdie vergoeding bloot as 'n jaarlikse begrotingsitem wil magtig, moet hulle maar die moeite doen om die bestuursreëls by wyse van 'n eenparige besluit te wysig.

Wat die laasgenoemde betref, wil ek net daarop wys dat artikel 6(9) van die Bestuurswet verligting kan bied.

'n Aansoek moet net aan die ombud gerig word om 'n spesiale óf eenparige besluit geldig te verklaar – waar die regspersoon nie in staat is om dit te verkry nie.

Moet my egter asseblief steeds nie vra om as trustee te dien nie!